BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c — Vrydag 28 April 1978 — WINDHOEK — Friday 28 April 1978 — No. 3743

INHOUD: *Bladsy*

PROKLAMASIE:

No. AG. 28 Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Handel), 1978 ........ 1

## PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 21 April 1978)*

No. AG. 28 — 1978

### OORDRAG VAN ADMINISTRASIE VAN DEPARTEMENT VAN HANDEL AAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal — Windhoek, 25 April 1978

### BYLAE

*Woordomskrywing*

1. (1) In hierdie Proklamasie beteken "Algemene Proklamasie" die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Algemene Bepalings), 1977 (Proklamasie AG. 7 van 1977).

(2) 'n Verwysing in hierdie Proklamasie na 'n bepaalde wet word uitgelê as 'n verwysing ook na 'n regulasie, reël of ander maatreël wat kragtens daardie wet gemaak is of daarop betrekking het.

CONTENTS: *Page*

PROCLAMATION:

No. AG. 28 Executive Powers (Commerce) Transfer Proclamation, 1978 .................. 1

## PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 21 April 1978)*

No. AG. 28 — 1978

### TRANSFER OF ADMINISTRATION OF DEPARTMENT OF COMMERCE TO THE ADMINISTRATOR-GENERAL

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General — Windhoek, 25 April 1978

### SCHEDULE

*Definition*

1. (1) In this Proclamation "General Proclamation" means the Executive Powers Transfer (General Provisions) Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 7 of 1977).

(2) A reference in this Proclamation to any particular law, shall be construed as including a reference to a regulation, rule or other enactment made under or relating to that law.

*Oordrag van administrasie van Departement van Handel*

2. Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet maar behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie en die Algemene Proklamasie, word die administrasie van die sake van die gebied Suidwes-Afrika met betrekking tot 'n aangeleentheid wat by die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie deur die Minister van Ekonomiese Sake van die Republiek van Suid-Afrika in die Departement van Handel geadministreer word, deur die Administrateur-generaal behartig.

*Toepassing van wette*

3. (1) Die bepalings van subartikel (1) van artikel 3 van die Algemene Proklamasie, is sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van subartikel (2) van daardie artikel, nie van toepassing nie op —

(a) die verwysing na die Republiek in die Handelswaremerke-wet, 1941 (Wet 17 van 1941);

(b) die verwysing na die Minister van Finansies in artikel 6(1)(a) en (2) van die Wet op Reëling van Monopolistiese Toestande, 1955 (Wet 24 van 1955);

(c) die verwysing na die Republiek in die Wet op Ontplofbare Stowwe, 1956 (Wet 26 van 1956);

(d) die Uitvoerkrediethervcrsekeringswet, 1957 (Wet 78 van 1957);

(e) die verwysing na die Republiek in die Wet op In- en Uitvoerbeheer, 1963 (Wet 45 van 1963);

(f) die verwysing na die Republiek in die Wet op Outeursreg, 1965 (Wet 63 van 1965);

(g) die Wet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1970 (Wet 89 van 1970);

(h) die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973);

(i) die Wet op Petroleumprodukte, 1977 (Wet 120 van 1977).

(2) Ondanks die bepalings van artikel 3(1)(a) van die Algemene Proklamasie word die verwysing na —

(a) die Regering in artikel 39(1) van die Wet op Outeursreg, 1965 (Wet 63 van 1965), uitgelê as 'n verwysing ook na die Administrateur-generaal;

(b) die Minister van Ekonomiese Sake in artikel 2(b)(i) van die Wet op die Verkoop van Grond op Afbetaling, 1971 (Wet 72 van 1971), uitgelê as 'n verwysing ook na die Administrateur-generaal.

*Transfer of administration of Department of Commerce*

2. Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law but subject to the provisions of this Proclamation and the General Proclamation, the administration of the affairs of the territory of South West Africa in relation to any matter which at the commencement of this Proclamation is administered by the Minister of Economic Affairs of the Republic of South Africa in the Department of Commerce, shall be carried on by the Administrator-General.

*Application of laws*

3. (1) The provisions of subsection (1) of section 3 of the General Proclamation shall, without detracting from the provisions of subsection (2) of that section, not apply to —

(a) the reference to the Republic in the Merchandise Marks Act, 1941 (Act 17 of 1941);

(b) the reference to the Minister of Finance in section 6(1)(a) and (2) of the Regulation of Monopolistic Conditions, 1955 (Act 24 of 1955);

(c) the reference to the Republic in the Explosives Act, 1956 (Act 26 of 1956);

(d) the Export Credit Re-insurance Act, 1957 (Act 78 of 1957);

(e) the reference to the Republic in the Import and Export Control Act, 1963 (Act 45 of 1963);

(f) the reference to the Republic in the Copyright Act, 1965 (Act 63 of 1965);

(g) the National Supplies Procurement Act, 1970 (Act 89 of 1970);

(h) the Companies Act, 1973 (Act 61 of 1973);

(i) the Petroleum Products Act, 1977 (Act 120 of 1977).

(2) Notwithstanding the provisions of section 3(1)(a) of the General Proclamation the reference to —

(a) the Government in section 39(1) of the Copyright Act, 1965 (Act 63 of 1965), shall be construed as including a reference to the Administrator-General;

(b) the Minister of Economic Affairs in section 2(b)(i) of the Sale of Land on Instalments Act, 1971 (Act 72 of 1971), shall be construed as including a reference to the Administrator-General.

*Wysiging van artikel 2 van Wet 72 van 1971, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 49 van 1975*

4. Artikel 2 van die Wet op die Verkoop van Grond op Afbetaling, 1971, word hierby gewysig deur subparagraaf (i) van paragraaf (a) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) geleë is in die regsgebied van 'n raad van 'n munisipaliteit of 'n dorpsbestuur, en grond wat deel uitmaak van die regsgebied van die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, ingestel deur artikel 2 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970).".

*Kort titel*

5. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Handel), 1978.

*Amendment of section 2 of Act 72 of 1971, as amended by section 2 of Act 49 of 1975*

4. Section 2 of the Sale of Land on Instalments Act, 1971, is hereby amended by the substitution for subparagraph (i) of paragraph (a) of the following subparagraph:

"(i) is situated in the area of jurisdiction of the council of a municipality or a village management board, and land forming part of the area of jurisdiction of the Peri-Urban Development Board, established by section 2 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970).".

*Short title*

5. This Proclamation shall be called the Executive Powers (Commerce) Transfer Proclamation, 1978.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.